BEELD
Monday, 21 June 2010, p. 13

# Boek is herhalende refrein

Herman Verwey

***Football Muti*** **deur Robin Goode.** Jacana. R189.

Met WB 2010 in volle gang tref Robin Goode se boek *Football Muti* die rakke op die regte tyd.

Goode en sy vriend Matteo Bottanelli het deur Afrika gaan toer op hul motorfietse om foto's te neem van kinders wat sokker speel in van die armste lande op die kontinent.

Jy sal vergewe word as jy vra: Is dit nie al gedoen nie of hoeveel keer moet ons dit nog sien? Dit het al amper die spieëlbeeld geword van sokker in Afrika, maar soos alles kan dit 'n nuwe baadjie kry.

Honderde oorsese fotograwe is tans in die land en foto-agentskappe stop die netwerke daagliks vol beelde van township-kinders wat met sonsondergang 'n stukkende bal kaalvoet rondskop op harde, droë oppervlakke.

Dié boek bevat 'n paar sterk foto's van verinneweerde voete en tuisgemaakte sokkerballe as bewys van die passie wat daar is vir sokker in Afrika en hoe die spel hier verskil van Europese lande.

Dit raak wel eentonig deurdat dieselfde idee herhaaldelik gebruik word om die verbintenis tussen armoede, swaarkry en passie vir die spel oor te bring. Een nabyskoot van voete wat lyk soos krokodilvel of 'n bal wat lyk soos 'n verskeurde stuk leer is genoeg om 'n mens te laat besef wat die gevolge van die omstandighede is.

'n Hele paar lande in Afrika is besoek om die boek bymekaar te sit, maar die meeste van die skote is te naby geneem om 'n idee vir die leser te gee van hoe dit daar lyk.

Daar word ook vertel van 'n groep blindes wat sokker speel, maar daar is geen visuele verbintenis by die storie nie.

Als in ag geneem, sal *Football Muti* seker vir 'n paar WB-toeriste 'n oulike geskenk maak vir hul koffietafels tuis, maar vir die meeste sal dit net nog 'n versameling foto's wees van arm kinders wat sokker speel in Afrika.

■ **Verwey is 'n bekroonde fotograaf van Foto24.**


Duister geheime van Israel en SA ontbloot